



Welkom by
#kleinloeries



Dagprogram Raamwerk

07:30 Aankoms (hekke is oop vanaf 07:15)

08:00 Buitespel

08:30 Sosialekring en wiskundekring

08:45 Huistaalkring

09:00 Toiletroetine en happietyd

09:30 Musiek en beweging

10:00 Vryspel buite

10:30 Skeppend / Lewensvaardighede

11:00 Opvoedkundige spel

11:50 Stories en gediggies

12:15 Vertrek & vryspel buite

13:00 Nasorg (tot 17:15)

Formele Program

KABV vorm die basis van die program. Elke week word 'n ander tema behandel. Onderwerpe word Vrydae aan die ouers deurgegee. Leerders word goed gestimuleer en deeglik voorberei vir formele onderrig.

Algemene Reëlins

Kleredrag: Gemaklike gewone klere (duidelik gemerk).

Kospakkie: Gesonde kos bv. toebroodjie, vrugte, koeldrank en water. Geen lekkers, asseblief.

Verjaarsdae: Bring van kolwyntjies/koek is opsioneel. Reël met klasonderwyser.

Koekiedag: Ouers kry beurte om tuisgemaakte koekies skool toe te stuur. Die betrokke kind kry dan geleentheid om die koekies aan die res van die klas teen R5 elk te verkoop.

Gelde: Ons verkies elektroniese inbetalings. Maak asseblief seker dat u verwante rekening en verwysing gebruik.

Uitkomstye: Vanaf 12:15 beweeg klassies na die speelgrond waar hulle vryspel buite geniet. Ouers kan tot 13:00 hul Klein-loeries by die kleinhekkie kom afhaal.

Ouerafsprake: Slegs per afspraak en na skoolure. Meld asseblief eers by die kantoor aan.

Gr RR Nasorg

Tye: 13:00 tot 17:15

Kos: Geen etes word voorsien nie.

Terrein: Laingstraat 36, George-Suid.

Aansoekvorm: Beskikbaar op ons webtuiste
www.lgs.co.za

Koste: 11 Maandelikse paaielemente (Jan - Nov).

- Nasorgfooie is streng vooruitbetaalbaar vir voorbereiding van etes.
- Fooie bly dieselfde sou 'n kind net sekere dae bywoon.
- Vakansiesorg beskikbaar (behalwe gedurende die Desember vakansie).

Finansies

U skoolrekening is maandeliks vooruitbetaalbaar. U eerste betaling is reeds in Januarie betaalbaar. Verwys asseblief na die Finansiële Ooreenkoms vir volle besonderhede. U sal u rekening maandeliks elektronies ontvang. Verseker asseblief dat u die korrekte e-posadres aan die skool verskaf. Kontak die skool indien daar enige onduidelikheid is.

Ingesluit by u fooie:

- Opvoedkundige uitstappies en opvoerings
- Bestanddele vir Bak-en-Brou
- Skryfbehoeftes
- Loekie-hempie
- Musiek en beweging

Addisionele uitgawes vir ouers:

- Verpligte Loekie-Loerie rugsak teen R250 elk
- Kosblik
- Foto's
- Uitgekontakterde buitemuurse aktiwiteite in skoolure bv. tennis en ballet (opsioneel)

Bankbesonderhede

1) LGS Pre-Primêr

Bank: Nedbank George | **Takkode:** 198 765

Rekeningnommer: 162 653 6767

2) LGS Laerskool Rekeningnommer

Bank: Nedbank George | **Takkode:** 198 765

Rekeningnommer: 162 603 3560

3) Die Akker Nasorg

Bank: Standardbank George: Lopende rekening

Takkode: 050214 | **Rekeningnommer:** 281864950

Gebruik asseblief u bestaande verwysing.



Loekie-Loerie
rugsakke is
beskikbaar by
ons klerebank

DOEN NOU
AANSOEK



LAERSKOOL GEORGE-SUID PRE-PRIMÊR



Word deel van die
LGS - Familie



TEL: Kantoorure (07:30 - 13:00)
044 873 3464

WEB: www.lgs.co.za

E-POS: aansoeke@lgs.co.za

ADRES: Laingstraat 36, George-Suid